Ek soek beskerming in Allah teen Satan die verworpene en ek begin met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste.

'n Verduideliking van nog een van die pragtige Name van Allah

Al-Khaaliq

Skepper

Hierdie Naam dui daarop dat Allah die Een is wat uit niks uit skep, en daarmee saam ook die toestande, voorwaardes en onderhoud daarvoor skep en ook bepaal wanneer en waar skepping sal plaasvind.

Enkele Versverwysing:

Koran 59:24 “Hy is Allah, die Skepper uit niks, die Uitvinder met dit wat Hy geskep het, die Vormer van dit alles. Sy Name is die Mooiste name. Sy reinheid word verkondig deur alles in die hemele en op die aarde, en Hy is die Almagtige, die Alwyse.”

Koran 6:102 “Dit is Allah: jou Skepper, Voorsiener en Onderhouer, en daar is geen God nie behalwe Hy, die skepper van alles: so aanbid Hom. Hy is die beskermheer oor alles.”

Koran 13:16; 39:62; 40:62